



## SENWES LIMITED

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienuommer 1997/005336/06)

(**"Senwes"**)

(Hierin na verwys as "die Maatskappy")

---

## AANKONDIGING VAN DIE VERKRYGING VAN JOHN DEERE AGENTSAPPE IN DUISLAND

---

### 1. INLEIDING

- 1.1 Die direksie van die Maatskappy (die "**Senwes Direksie**") stel aandeelhouders hiermee in kennis dat die Maatskappy en sy filiaal, Senwes Capital (Edms) Beperk ("Senwes Capital"), drie John Deere agentskappe in Duitsland bekom het ("**die Verkryging**"), sowel as eiendom in Duitsland as een ondeelbare transaksie teen 'n totale koopprijs van €23 700 000,00 (drie en twintig miljoen sewe honderd duisend euros), welke aankooprijs veranderlik is, onderworpe aan die vlakke van bedryfskapitaal en skuld soos op die Sluitingsdatum van die Verkryging. Die agentskappe is soos volg:
- (i) "**Schlieper besigheid**", bestaande uit die aankoop van 100% van die aandele in Schlieper für Landmaschinen GmbH, Sonnewalde, en die eiendom van die Schlieper persele geleë in Herzberg, Sonnewalde en Ragow;
  - (ii) "**Bartling besigheid**", bestaande slegs uit die bates wat gebruik word deur Bartling Landtechnik GmbH vir die bedryf van die Hohenseefeld perseel en die eiendom van die Bartling perseel in Hohenseefeld; en
  - (iii) "**LVD besigheid**", bestaande uit alle bates wat betrekking het op die bedryf van Landmaschinen Vertrieb Deuben GmbH (LVD) in Gerichshain en Rochlitz en aandele in die verwante entiteite.
- 1.2 Die Verkryging, soos bedoel in paragraaf 1.1, is onderworpe daaraan dat die opskortende voorwaardes soos uiteengesit in paragraaf 8 hieronder, voor of op 1 Julie 2022 nagekom word voordat dit geïmplementeer sal kan word ("**die Sluitingsdatum**").
- 1.3 Die doel van hierdie aankondiging is om, *inter alia*, aandeelhouders van die Maatskappy in kennis te stel van die belangrikste terme en voorwaardes van die Verkryging.

### 2. AGTERGROND

- 2.1 Senwes, met sy hoofkantoor in Klerksdorp, een van die vooraanstaande landboumaatskappye in Suid-Afrika, is stewig geanker in landbou en het 'n ryk en trotse geskiedenis wat oor 'n tydperk van 113 jaar strek. Senwes verskaf goedere en dienste aan die kommersiële graan landbousektor, met strategiese fokus op drie bedryfskanale - marktoegang vir graan, insetprodukte soos landbouheelgoedere en toerusting, sowel as finansiële dienste.
- 2.2 Agribel Beherend Beperk is 'n beleggingshouermaatskappy met Senwes as sy enigste belegging.
- 2.3 Senwes is een van die grootste aangestelde John Deere agentskappe in Suid-Afrika sedert 2004.

### **3. RASIONAAL**

3.1. Die Verkryging belyn met Senwes se strategiese filosofie, spesifiek die strategiese pilaar van eksternalisering, wat verdere geleenthede bied in alternatiewe laer risiko jurisdiksies. Die volgende sal ook vermag kan word:

- a) “Beste-uit-beide”-beginsel: toepassing van agentskapskundigheid in Suid-Afrika en die uitrol van Senwes se besigheidsmodel in 'n eerstewêreldland soos Duitsland. Die besigheid is in wese soortgelyk aan Senwes Equipment in terme van die besigheidsmodelle, die wyse waarop dit gestruktureer is, die bedryf en die produkaanbieding. Die verkoop van heelgoedere, onderdele, presisietegnologie en werkswinkels vorm deel daarvan as afsonderlike afdelings, met die John Deere agentskap as die belangrikste handelsmerkaanbod;
- b) die skep van 'n platform vir groei en die uitbreiding van die Maatskappy se blootstelling aan ander belangrike geldeenhede, sowel as die vermindering van blootstelling aan die volatiele rand.

3.2 John Deere bemark landboumasjinerie in Duitsland deur onafhanklike verkoopsvennote (agentskappe). Een van John Deere se strategiese doelwitte is om groter en meer volhoubare agentskappe wêreldwyd te vestig in terme van sy John Deere "*Agentskap van die Toekoms*"-strategie. In 'n aantal gebiede was die meeste John Deere agentskappe tradisioneel deur families besit. Hierdie besighede het nog altyd voordeel getrek deur deel te wees van die gemeenskap waarin hulle besigheid bedryf. Hulle het egter nie die nodige hulpbronne en kapasiteit gehad om uit te brei en by veranderende omgewings aan te pas nie, veral met betrekking tot kapitaal, tegnologie en presisieoplossings. Senwes is in die lig hiervan deur John Deere genader met betrekking tot die Verkryging en dit word derhalwe ten volle deur John Deere ondersteun.

### **4. STRUKTUUR EN BESTUUR**

Die drie agentskappe, met ses takke en sub-agentskappe, word in een Duitse beheerstruktuur gekonsolideer en die bestuur en hoofkantoor sal in Sonnewalde, Duitsland onder die leierskap van 'n plaaslike en hoogs ervare bestuurspan gevestig word.

Me Ricarda Schlieper is aangestel as die Besturende Direkteur van die gekonsolideerde agentskap. Me Schlieper was die Besturende Direkteur van die Schlieper besigheid. Sy sal ondersteun word deur Me Cathleen Powell as Finansiële Direkteur, wat voorheen die uitvoerende finansiële bestuurder van die Senwes Equipment besigheid in Suid-Afrika was.

### **5. FINANSIËLE EFFEK**

Aandeelhouers sal in kennis gestel word van die volle finansiële effek op Senwes aandele as deel van die finansiële jaarstate wat gedurende Julie 2022 gepubliseer sal word.

## **6. WAARBORGE EN VRYWARINGS**

Senwes bevestig dat alle waarborge en vrywarings van toepassing op die Verkryging en wat verleen is, normaal is vir 'n transaksie van hierdie aard.

## **7. REGULATORIESE GOEDKEURINGS**

Geen beleggings-, samesmeltingsklarings, mededingings- of ander regulatoriese goedkeurings of indienings was nodig vir die Verkryging nie, met uitsondering van die goedkeuring deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank in terme van wisselkoersbepalings.

## **8. OPSKORTENDE VOORWAARDES**

Die Verkryging is onderworpe aan die sluiting van nuwe onder andere:

- 8.1 voorsienings- en verspreidingsooreenkomste met John Deere en ander besigheidsverwante verskaffers; en
- 8.2 die oordrag en registrasie van eiendomme en die aangaan van huurooreenkomste vir eiendomme.

## **9. DIREKSIEVERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING**

Die raad van direkteure van die Maatskappy aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging en bevestig dat, na die beste wete en oortuiging van die direksie, die inligting hierin vervat korrek is en dat die aankondiging nie enigiets weglaat wat die belangrikheid van die inligting sal affekteer nie.

**In opdrag van die Direksie**

***EM Joynt (Mev)***  
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**  
***Tel nr.: (018) 464 7104***

***7 Junie 2022***

***Webtuiste: [www.senwes.co.za](http://www.senwes.co.za)***